education

Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noord-Wes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 11

BESIGHEIDSTUDIES V1

NOVEMBER 2019

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe: (Besigheidsomgewings en Sakebedrywighede)

   AFDELING A: VERPLIGTEND

   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.

   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is nie.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne beantwoord word.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (Minute)
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	**1**	**30**	**30**
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae	**2**	**40**	**30**
	3	**40**	**30**
KEUSE: Beantwoord enige TWEE.	**4**	**40**	**30**
C: TWEE opsteltipe vrae	**5**	**40**	**30**
KEUSE: Beantwoord enige EEN.	**6**	**40**	**30**
TOTAAL		**150**	**120**

7. Begin die antwoord vir ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 - nuwe bladsy, VRAAG 2 - nuwe bladsy ens.

Kopiereg voorbehou

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Die proses om uit te vind wat verbruikers wil hê en nie wil hê nie.

A Produksie
B Marknavorsing
C Gradering
D Standaardisering

1.1.2 Verwys na al die kostes wat deur ‘n onderneming aangegaan is met die vervaardiging van ‘n produk.

A Vaste koste
B Veranderlike koste
C Produksiekoste
D Direkte arbeidskoste

1.1.3 Slegs ‘n paar verskaffers/verkopers beheer die pryse van produkte.

A Oligopolie
B Monopolie
C Perfekte mededinging (kompetisie)
D Monopolistiese mededinging (kompetisie)

1.1.4 ‘n Persoon se vermoë om ander mense se gedagtes, optrede of keuses te beïnvloed.

A Strategiese alliansie
B Inligtingbestuur
C Sosiale waardes
D Magsverhouding

1.1.5 Die punt waar ‘n besigheidsonderneming nie ‘n wins of ‘n verlies maak nie.

A Opvolgpunt
B Gelykbreekpunt
C Inspeksie
D Versending (5 x 2) (10)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer bv. 1.2.6 K.

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 Ekonomiese misdaad	A Proses om werknemers met die regte kennis, vaardighede en vermoëns te vind om ‘n pos te vul
1.2.2 Produksiebeplanning	B Spreek onbillike diskriminasie in die werkplek aan
1.2.3 Onderbroke produksiesisteem	C Dit behels die opstel van ‘n aksieplan waar-volgens die produksieproses moet plaasvind
1.2.4 Werwing	D Proses om te bepaal watter individu die beste by die betrokke werk pas
1.2.5 Wet op Basiese Diensvoorwaardes	E Ook bekend as witboordmisdaad (white collar crime)
	F Lotproduksie en stukwerk
	G Verkeerde gebruik van fondse wat nie aan jou behoort nie
	H Bepaal minimum diensvoorwaardes
	I Massaproduksie
	J Behels om beheer oor elke aktiwiteit wat tydens die produksieproses plaasvind uit te oefen

(5 x 2) (10)

1.3 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die onderstaande lys te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

Roetebepaling, Oorname, Demografie, Handelsmerke, SABS, Skedulering, Samesmelting, Psigografie, Kopieregte, ISO

1.3.1 Bereken die tyd wat benodig word om elke aktiwiteit in die vervaardigingsproses te verrig.

1.3.2 Twee ondernemings wat, deur middel van wedersydse ooreenkoms, by mekaar aansluit.

1.3.3 Fisiese eienskappe van die teikenmark, bv. geslag, ouderdom en die vlak van onderwys.

1.3.4 Dit word gebruik om die produk van soortgelyke produkte wat geproduseer word te onderskei.

1.3.5 ‘n Instelling wat kwaliteitstandaarde in Suid-Afrika reguleer.

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy, ens.

VRAAG 2: SAKEOMGEWINGS

2.1 Identifiseer sosio-ekonomiese kwessies uit ELKE stelling hieronder:

2.1.1 Die pryse van goedere en dienste styg, terwyl die koopkrag van geld verminder. (2)

2.1.2 'n Prysstrategie waar 'n buitelandse onderneming groot volumes van sy produkte op die binnelandse mark beskikbaar stel teen pryse wat laer is as die normale markprys. (2)

2.1.3 Ongemagtigde duplisering en kopiëring van oorspronklike werk, insluitende musiek, rekenaarsagteware, handelsmerke, boeke, ens. (2)

2.2 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

ORA SKEPPINGS

Ora Skeppings is 'n maatskappy wat in modeontwerp en stilering spesialiseer. Ora Skeppings het tien stiliste in diens geneem wat altyd laat is vir werk.

Die bestuur van Ora Skeppings koop hul materiaal by Rex Klerevervaardigers aan, wat baie hoë pryse vir hul materiaal vra. Ora Skeppings is op 'n plek geleë waar daar 'n hoë mate van armoede en misdaad is.

Blessings Mode Ontwerpers het pas by die modebedryf aangesluit met eksklusiewe ontwerpe wat baie kliënte lok. Ora Skeppings het 'n swak bemarkingstrategie en het baie van hul kliënte aan Blessings Mode Ontwerpers verloor.

Ora Skeppings voer sommige van hul ontwerpe vanuit Dubai in. Die regering het invoertariewe verhoog, wat dit vir Ora Skeppings moeilik maak om met invoer vanuit Dubai voort te gaan.

Gebruik die tabel hieronder om jou antwoord(e) aan te bied.

Besigheidsomgewing	Voorbeeld uit scenario	Uitdagings	Mate van beheer

2.2.1 Identifiseer DRIE besigheidsomgewings uit die bostaande scenario. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (9)

2.2.2 Noem EEN uitdaging van elke besigheidsomgewing wat in Vraag 2.2.1 geïdentifiseer is. (3)

2.2.3 Noem die mate van beheer wat Ora Skeppings oor elke besigheids-omgewing, wat in Vraag 2.2.1 geïdentifiseer is, het. (3)

2.3 Definieer die volgende begrippe:

2.3.1 *Staking* (2)

2.3.2 *Sloerstaking* (2)

2.4 Verduidelik die betekenis en belangrikheid van netwerk vir ‘n besigheid. (6)

2.5 Bespreek DRIE tipes steunwerwing wat deur die onderneming gebruik kan word om besluite, wat deur die regering gemaak word, te beïnvloed. (9)

[40]

VRAAG 3: SAKEBEDRYWIGHEDE

3.1 Noem ses aktiwiteite binne die bemarkingsfunksie. (6)

3.2 Lees die volgende stelling en beantwoord die vrae wat volg.

> Produkte verskil op baie maniere. Sommige produkte is relatief goedkoop en word dadelik verbruik, terwyl ander duurder is maar langer hou. Dit is dus belangrik dat die verpakking by die produk pas.

3.2.1 Verduidelik die vereistes van goeie verpakking. (6)

3.2.2 Beskryf enige TWEE soorte verpakkings en gee ‘n praktiese voorbeeld van elkeen. (6)

3.3 Bespreek die impak van *elektroniese bemarking* op besighede. (8)

3.4 Definieer *gehaltebeheer*. (2)

3.5 Stel maniere voor waarop besighede aan die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Nr. 83 van 1993) kan voldoen. (4)

3.6 Adviseer die menslike hulpbronbestuurder oor haar/sy rol as die onderhoud-voerder tydens die onderhoudproses. (8)

[40]

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

SAKE-OMGEWINGS

4.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

SPAX WYNLANDGOED

Spax Vineyards is in die Stellenbosch Berge geleë. Spax Wynlandgoed het sterk minerale in die grond wat goeie gehalte druiwe verbou. Molly Produsente koop druiwe by Spax Wynlandgoed aan en gebruik dit om wyn in die platteland te produseer. Miracle Kleinhandelaars is een van hul lojale kliënte wat hul spoedige afleweringsdienste en billike pryse geniet.

4.1.1 Identifiseer DRIE sakesektore uit die bostaande scenario. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (9)

Gebruik die tabel hieronder om jou antwoord aan te bied.

Sakesektore	Aanhaling uit scenario

4.1.2 Bespreek die verband tussen die sakesektore wat in Vraag 4.1.1 geïdentifiseer is. (6)

4.2 Verduidelik hoe hedendaagse wetgewing besigheidsbedrywighede kan beïnvloed. (5)

SAKEBEDRYWIGHEDE

4.3 Identifiseer die prysingstegniek wat in elke stelling hieronder gebruik word.

4.3.1 Die onderneming stel die pryse wat hul op produkte en dienste hef kunsmatig laag, relatief tot produksiekoste, om so 'n markaandeel te bekom. (2)

4.3.2 Hierdie strategie word gebruik wanneer die prys vir ‘n kort tydperk verlaag word. Voorbeelde sluit in: “Koop een, kry een gratis” –promosies. (2)

4.3.3 Die onderneming hef R9.99 vir ‘n produk eerder as R10.00. (2)

4.4 Definieer *verspreidingskanaal*. (2)

4.5 Verduidelik kortliks waarom vervaardigers verkies om van direkte verspreidings-kanale gebruik te maak. (8)

4.6 Regverdig redes waarom besighede veiligheid in die werkplek moet bestuur. (4)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

NEEM KENNIS: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan.

VRAAG 5: SAKE-OMGEWING (MARKOMGEWING)

Besighede word aan uitdagings in al drie sake-omgewings blootgestel. Die sukses van die besigheid lê daarin om by die uitdagings van die markomgewing aan te pas deur hulself van hul mededingers te onderskei.

Met verwysing na die bogenoemde stelling, beantwoord die volgende vrae:

- Verduidelik VIER komponente van die markomgewing.
- Bespreek VYF uitdagings van die markomgewing.
- Beveel maniere aan waarop 'n onderneming mededinging in die mark kan oorkom.
- Beskryf maniere waarop 'n onderneming by uitdagings in die besigheidsomgewing kan aanpas, deur die volgende strategieë te gebruik:
  - Organisasie, ontwerp en buigsaamheid
  - Sosiale verantwoordelikheid

[40]

VRAAG 6: SAKEONDERNEMINGS (MENSLIKE HULPBRONNE)

MOJO HANDELAARS

Die bestuur van Mojo Handelaars het onlangs Karabo as bemarkingsbestuurder aangestel. Die besigheid is veronderstel om Karabo te oriënteer en te plaas waar hy die beste bydrae tot die besigheid kan lewer.

As menslike hulpbronkonsultant, gee 'n gedetailleerde verslag oor die volgende menslike hulpbronaktiwiteite.

- Verduidelik die doel van *induksie*.
- Adviseer Mojo Handelaars oor die plasingsprosedure wat hulle moet volg.
- Onderskei tussen *stukwerk* en *tydverwante* metodes van salarisbepaling.
- Bespreek die doel van die Wet op Arbeidsverhoudinge No. 66 van 1995.
- Beveel SES aspekte aan wat by Karabo se dienskontrak ingesluit moet word. **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou